

Lees: Psalm 85

Teks: Pssalm 85:9

Datum: 17 Januarie 2016

Psalms: 89:1,6,7; 9:7; 85:1,2; 85:3,4; 86:1,2,3

1. Inleiding

Ons leef in 'n tyd van kerklike verval. Die getalle krimp kommerwekkend. In vele kerke heers daar 'n doodsheid. Mense is koud en onbetrokke. Die kerkgang is uiters swak en lidmate is met die minimum kennis tevrede.

Dan is daar ook soveel onkunde ten opsigte van die Woord en afdwaling van die Woord.

Die vraag is: wat moet ons doen om hierdie verval en afval te stuit?

Ons moet die antwoord in die Bybel soek. By die Here. Hy Self wys ons in sy Woord die weg tot kerklike herstel, hoe daar reformasie in die kerk kan kom. En dit is nie al nie: Hy laat ons ook sien dat kerkvernuwing nie mensewerk is nie, maar sy werk. Kerkherstel kom nie deur menslike aktiwiteit en inspanning nie, maar **deur die Woord alleen, deur Christus alleen**.

Maar die Bybel wys ons ook op die **gebed**. Dit beteken nie dat die mens nou in aksie kom nie. Inteendeel. Want ons kan die verhouding Woord en gebed so omskrywe:

- In die Woord gaan dit oor **die Here se werke** tot verlossing van die kerk en
- ons gebede is 'n roep tot God, dat Hy deur **sy werke** die kerk sal herstel.

Psalm 85 is van besondere belang in hierdie verband. In drie punte wil ek dit met u behandel. Ons hoor in hierdie lied:

1. 'n Dank- en smeekgebed;
2. God se antwoord, dat Hy sê: luister na die Woord;
3. die inhoud van die Woord

2.1 'n Psalm wat 'n dank-, sowel as 'n smeekgebed is

In die Psalmboek staan daar baie verskillende soorte Psalms. Daar is Psalms wat sing van God se Koningskap. Dan is daar weer liedere waarin die Psalmdigter hulle skuld en die skuld van hulle volk voor God bely.

Nog ander Psalms is eintlik **gebede** wat gesing word. En so 'n Psalm is Psalm 85 nou. Ons hoor die Psalmis tot God bid. Die gebed strek van vers 2 tot en met vers 8.

Maar dit is eintlik '**n vreemde gebed**. Dit is vreemd in dié opsig dat dit 'n gebed is met 'n geweldige teenstelling. Daar word **teenoorgestelde dinge** in gesê.

Ons kan die gebed in twee dele verdeel.

- Die **eerste deel** daarvan, vers 2 tot 4, is 'n **dankgebed**.
 - Deel twee, vers 5 tot 8, is 'n hartstogtelike **smeekgebed**.
1. In vers 2 tot 4 **dank** die Psalmdigter die HERE vir sy verlossing. Na 70 jaar van ballingskap het die HERE sy volk weer teruggebring in Kanaän. Hy het hulle lot verander. Die HERE het hulle sondes vergewe. Aan God se vreeslike toorn het 'n einde gekom. Dank is lofprijsing, verkondiging van die Here se werke, tot sy verheerliking.
 2. Maar dan skielik, in vers 5 tot 8, verander die digter se danktoon na 'n smeektoon: *Herstel ons, o God van ons heil, en maak tot niet u grimmigheid teen ons! Sal U vir ewig teen ons toornig wees, u toorn laat duur van geslag tot geslag? Sal U ons nie weer lewend maak, sodat u volk in U bly kan wees nie? Laat ons u goedertierenheid sien, o HERE, en gee ons u heil!*

Dit is dus die teenstelling:

1. Eers dank die Psalmdigter God, omdat sy toorn weggeneem is;
2. Maar dan in vers 5-8 is daar sprake van God se toorn wat terug is.

Om dit te begryp, moet ek u iets vertel van die tyd waarin hierdie gedig ontstaan het:

Toe Israel uit Babel teruggekeer het, het hulle met groot ywer begin om die offerdiens te herstel. 'n Tydelike brandofferaltaar is opgerig waar die verwoeste tempel gestaan het en 'n begin is gemaak met die heropbou van die tempel. Dit was 'n mooi tyd in die

lewe van die kerk van daardie dae. Dit was 'n tyd van opbloeï en nuwe lewe. Dit was 'n tyd van Reformasie.

Maar toe het daar skielik 'n verandering gekom. Die werk het tot stilstand gekom. Die bouwerk het gestagneer. Die tempel het onvoltooid bly staan.

Wat was dan die probleem? Wel, die Samaritane het die werk aan die tempel gedwarsboom. Hulle het dit reggekry om Kores, onder wie se bewind Israel toe was, so ver te kry om sy finansiële hulp aan Israel te staak. Verder het dit ook ekonomies sleg gegaan: die oes was swak, die inkomste min. Daarom het die Jode opgehou bou aan die huis van God. En die argumente wat hulle aangevoer het was: die tyd om tempel te bou is nie gunstig nie. So hoor ons in Haggai 1:2.

In daardie tyd het die profete Haggai en Sagaria opgetree. Haggai (hf.1) by name begin dan om die volk se argumente te ontsenu. Die volk maak asof die tyd nie gunstig is om die huis van God te herbou nie, maar hulle sien wel kans vir mooi huise. Ondanks die geldskaarste sien hulle wel kans daarvoor, maar die huis van die HERE laat lê hulle in puin. Dit is 'n geval van verkeerde prioriteite.

Haggai wys die volk tweedens daarop dat die swak tyd die gevolg is van die kerk se onverskilligheid. Dit is die toorn van God vanweë hulle geestelike verval. Daarom straf God hulle.

En **nou begryp ons ook beter die teenstelling** in ons Psalm: eers dank die digter God vir die wegneem van sy toorn toe Hy sy volk uit ballingskap terugbring het. Maar wanneer die kerk begin afval, dan is die toorn van God weer terug. Daarom die smeekgebed in vers 5 tot 8.

Wat die digter hier doen, gee ons 'n baie belangrike aanwysing, 'n antwoord op die vraag: hoe kan die kerk herstel word. Hoe kan die kerk weer aktief word en begin lewe.

Die eerste wat hierdie man naamlik doen, is om te BID. Hy weet: kerkherstel en reformasie, lewe in die kerk, is nie mensewerk nie. Net God kan dit doen. Daarom steek hy sy hande hulpbehoewend, smekend, na God toe uit: *Herstel ons, o God van ons heil....* Ken ons nog die belangrikheid en die krag van die gebed? En as ons dit ken, bid ons ook vir die kerk van vandag?

Die tweede wat ons hoor in hierdie gedig is:

2.2. God se antwoord: luister na die Woord

Psalm 85 is nie net 'n gebedspsalms nie. Dit is óók 'n **Psalm van gebedsverhoring**. Deur hierdie Psalm digter wys die HERE ons die weg tot kerkherstel. God se antwoord hoor u in vers 9: ***Ek wil hoor wat God die HERE spreek***. Bietjie anders gesê: die digter wil luister na die HERE se Woord.

So eenvoudig is die pad tot kerkherstel en nuwe lewe onder God se volk: net deur te **luister**, slegs deur te **hoor** na God se Woord.

Die digter ken net een pad en dit is na God toe.

1. Eers het hy deur die gebed na die HERE toe gegaan en die nood van die kerk aan die HERE voorgelê.
2. Tweedens gaan hy na die Woord van God toe. Daar, weet hy, daar is die antwoord. By God en in sy Woord.

Dit is so 'n eenvoudige antwoord, maar tog is dit 'n vergete oplossing in ons tyd. Ons probeer op ander maniere om die kerk weer nuwe lewe in te blaas. Ons meen ons moet die opset in die erediens vernuwe en verander, sodat die mens meer betrokke kan wees en meer kan doen. MAAR hierdie teks leer ons: hou op om te doen en luister tog 'n slag. Luister net. Na die Woord van God. Ons moet weer luisterende Maria's word.

Dit is die vernaamste wat sal moet gebeur in ons tyd: daar sal 'n herwaardering vir die Woord moet kom. Die prediking van die Woord, die eredienste Sondag, sal in ere herstel moet word. Dan sal daar weer wonders gebeur.

Kom ons kyk derdens na:

2.3. die inhoud van die Woord

Dit word saamgevat in die laaste deel van vers 9: ***Ja, Hy spreek vrede vir sy volk en vir sy gunsgenote; maar laat hulle nie tot dwaasheid terugkeer nie!***

Die INHOUD van die Woord val uiteen in twee dele. **Eerstens** staan daar: ***Hy spreek vrede vir sy volk en vir sy gunsgenote***. **Tweedens** is daar 'n waarskuwing: ***maar laat hulle nie tot dwaasheid terugkeer nie!***

1. Kom ons begin by die **eerste**: ***die HERE spreek van vrede***.

Wat word bedoel met **vrede**?

Miskien kan ek die woord vrede die beste saamvat in die een woordjie *herstel*. Dit is wat vrede is: herstel, **herstel van verhoudings**. In die eerste plek gaan dit om God se verhouding met ons: as God nie meer toornig is op ons nie - dit is vrede. Dit gaan tweedens ook om ons verhouding met God en ons medemens: dit word ook herstel, sodat ons weer lief is vir God en ons naaste. Dit is wat die Woord verkondig en bring.

Maar ons moet nog verder gaan: die VREDE slaan op Christus. HY is ons vrede sê die Bybel. Hy het met sy offer die toorn van God weggeneem. Hy het ons van die mag van sonde verlos. Hy **herstel** ons verhouding met God en ons medemens. Daarom moet ons ook sê: Christus is die inhoud van die Woord. Elke preek moet Hom verkondig, anders is dit nie 'n preek nie.

Dit is wonderlik om die krag van die Woord in Haggai te sien. Wanneer die profeet die Woord preek, gebeur daar iets: daar kom aktiwiteit in die kerk. 'n Heerlike reformasie. Die Jode begin weer werk aan die huis van God.

Hierdie dinge is tot ons onderrig opgeskrywe, sodat ons sal weet wat die geheim van kerk-**herstel** is. Hier het u die antwoord oor hoe daar nuwe lewe en liefde in die kerk kan kom: dit is deur die Woord en deur die Woord alleen. Ons moet weer leer om te luister en wie luister, kom tot die hoogste aktiwiteit. Dit is eers luister en dan werk. Luister maak aktief.

Die Woord van die HERE preek dus eerstens vrede.

2. Maar daar is in die *tweede* plek ook 'n waarskuwing: laat die kerk nie tot *dwaasheid* terugkeer nie.

Wat word bedoel met DWAASHEID?

Dit moet ons nie bloot verstaan as domheid nie. Die Bybel noem diegene dwaas wat nie na die Woord luister nie. Dit is dom. Die grootste dwaasheid wat daar is. As ons ons nie steur aan God se Woord nie en as ons in ons lewe nie met sy Woord rekening hou nie, is ons dwase.

Israel het die wrange vrugte van so 'n lewe gepluk: dit het God se toorn oor hulle gebring. Dit was die oorsaak van kerkverval en afval in daardie tyd.

Vandag is dit nie anders nie. Wie nie luister na die HERE nie, moet weet: God vertoorn Hom verskriklik oor die sonde. Wie nie moeite doen met die Woord om dit in die

erediens te kom beluister en om dit by huisgodsdienst te bestudeer nie, kan nie verwag om 'n lewende gelowige te wees nie.

3. Slot

Ons ontvang in Psalm 85 die antwoord - God se antwoord! - op die vraag: hoe kan die kerk vandag herstel word?

Die antwoord is duidelik en eenvoudig: dit is God se werk. Sy werk alleen. Hy doen dit deur die krag van sy **Woord**. Deur die Woord alleen. Wat ons moet doen is luister en nogmaals luister. Dit is die geheim van reformasie in die kerk en in ons persoonlike lewens.

Dit is ook 'n saak van **gebed**. Gebed is roep om God se werk in Christus. In sy Woord hoor ons sy werke, in die gebed smeek ons om sy werke, sy heilswerke in die evangelie van ons Here Jesus Christus.

Die Onse Vader is van begin tot einde een groot roep om die werk van Christus.

In Sondag 21 bely ons van die kerk: die ontstaan, bestaan en voortbestaan is die werk van die Seun van God deur sy Gees en Woord. Deur sy Gees en Woord vergader, beskerm en onderhou Hy sy kerk.

En wanneer ons by die gebed kom – Sondag 21:54, dan roep ons met die bede ***Laat u koninkryk kom*** om hierdie kerkwerk van Christus: Regeer ons so deur u Woord en Gees dat ons ons hoe langer hoe meer aan U onderwerp. Bewaar u kerk en laat dit groei

...

AMEN